NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 26 JANUARIE 2025

DERDE SONDAG VAN EPIFANIE

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Straatwerk

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Lukas 4:21-30; Jeremia 4:4-10;
Psalm 71:1-6; 1 Korintiërs 13:1-13

SONDAG, 26 JANUARIE
POSDAG DANKBAARHEIDSONDAG 09:00 Oggenddiens – Ds Janine Williams Kleuter- en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Straatwerk Erediensspan 1 – Lorraine Louw **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Gemeentetee
MAANDAG, 27 JANUARIE
18:00 Jeugkommissie vergadering 19:00 Sportmanne Bybelstudie in konsistorie 19:00 Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 28 JANUARIE
09:30 Senior Burger Bybelstudie 19:00 Eiendomme kommissie vergadering
WOENSDAG, 29 JANUARIE
09:30 Vroue Bybelstudie
DONDERDAG, 30 JANUARIE
18:00 Uitvoerende kommissie vergadering Sopbeurte: Marietjie Mostert, Mariana van Schalkwyk, Ronelda Visser, Joanie Hall, Riana van Niekerk, Nadia de Koker

VRYDAG, 31 JANUARIE

SATERDAG, 1 FEBRUARIE

SONDAG, 2 FEBRUARIE

VIERDE SONDAG VAN EPIFANIE

09:00 Oggenddiens
Doop
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Radiokansel
Erediensspan 2 – Elsa Welman

Na afloop van die oggenddiens

- Senior Kategese
- Inligtingsgeleentheid vir finalejaarkatkisante en ouers

GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Sheilla van Graan vanaf Darling (Yzerfontein)
   Maryna Oosthuizen vanaf Suider-Paarl
   Nelis en Rina Cronje vanaf Oostersee
   Rezanne Uys en Lohan Celliers vanaf Moedergemeente
2. Phillip Obermeyer (Brackenfell) ondergaan in die komende week operasies.
3. Patrick van der Vyver (Othello) is tans in die hospitaal.
4. Doutie Vermaak (Alta du Toit gronde) sterk tuis aan nadat sy 'n operasie ondergaan het.
5. Lorna Robinson (Jakarandas) sterk ook tuis aan nadat sy geopereer is.
6. Frans van Niekerk (Andanté) ondergaan Maandag 'n operasie.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

26/01 Deon van Dorp, Ronelle Engelbrecht, Lee-Ann Lambrechts
27/01 Francois Joubert, Hennie van Geems(87), Hein Pienaar
28/01 Deola Graham
29/01 Johann van Wyk, Ronald Esterhuizen, Stefan de Wit, Kobus Badenhorst(81), Erna Pote, Mila Horn
30/01 Anita Gouws, Pierre van der Merwe(80), Ronel Triegaardt, Gerda Vlok, Lily Basson, Tertius Engelbrecht
31/01 André Keyser, Charles Olivier, Corrie Swanepoel, Imke Steyn, Louise Visser
01/02 André Cronje(85), Koos van Wyk, Monica Moore(81), Japie Rossouw, Maria Holswilder

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Straatwerk

Straatwerk is ’n Christen organisasie wat vir die afgelope 55 jaar as deel van ons kerkfamilie uitreik na: vroue vasgevang in prostitusie , hawelose mense en diegene wat betrokke is in die nagklubkultuur van ons stad. Deur werkrehabilitasie (Ophelp Projekte) skep ons geleenthede vir hawelose mense om op ’n eerbare manier ’n inkomste te verdien deur harde werk as ’n alternatief vir bedelary en misdaad. In ons uitreike nooi ons vroue wat in prostitusie vasgevang is om deel te raak van ’n verskeidenheid rehabilitasie inisiatiewe. Straatwerk is reeds sedert 2009 besig met ’n voorkomingveldtog in skole om kinders in hoë risiko areas te waarsku teen seksuele misbruik en prostitusie. Tydens ons naguitreike nooi ons gemeentegroepe om deel te neem aan praktiese uitreike op straat as ’n teken van die Liggaam van Christus in Aksie.

Ds Fourie Truter | 021 930 8055 | fourie@straatwerk.org.za
Webwerf: http://straatwerk.org.za

DIE KOSMANDJIE

Die **Getuienis Aksie kommissie** van ons kerkraad het ‘n projek genaamd *Die Kosmandjie*. Indien ‘n lidmaat ‘n finansiële krisis beleef, broodgebrek lei of sommer net regtig swaarkry, wil ons graag help. Dit is ‘n opdrag van die Here dat ons ons naaste sal liefhê….
Kospakkies word maandeliks deur ‘n kerkraadslid afgelewer.
Die Kosmandjie het ‘n spens en fokus op 35 vasgestelde items. JY kan deel word hiervan deur Sondae ‘n item(s) uit jou koskas saam te bring. Jy gee dit anoniem en ***omdat jy OMGEE***. Kyk gerus na die spenslysie wat verskaf word; hierdie week volg die eerste 13 items op die lys.
DANKIE vir jou ondersteuning, ook deur ‘n finansiële bydrae te maak - ***naasteliefde in aksie!***

1 Langlewemelk
2 Koffie
3 Swart Tee
4 Suiker
5 Mieliemeel (pap)
6 Ontbytgraan
7 Koekies (soet/sout)
8 Koekmeel
9 Sopmengsels (erte, lensies, mengsels)
10 Soppoeiers
11 Pasta
12 Rys
13 Soja maalvleis
14 Sout en peper
15 Ekstrak – bief/hoender/groente

Mandjiesvol voorspoed vir 2025!

SOPKOMBUIS

Miemmie Myburgh, koördineerder van die sopkombuis namens De Eike, soek nog mense wat bereid is om sop te kook vir die sopkombuis. Tans kook die helpers 1 keer elke 2 maande, maar met meer helpers sal almal minder gereeld hoef te kook.

Kontak vir Miemmie op 0795094133 of die kerkkantoor.

PASTORALE BRIEF 2025

Die eerste Pastorale Brief van 2025 is tans in die proses om versprei te word in die blokke.

Vir die eerste paar maande van die jaar herhaal ons ‘n reeks wat handel oor RESPEK.

Eerstens kyk ons na RESPEK VIR GOD, volgende maand na RESPEK VIR JOUSELF ensovoorts.

Die reeks is oorspronklik in 2007 deur ‘n voormalige lidmaat Marietjie Langenhoven opgestel. Destyds was die boodskap op die pamflette wat maandeliks versprei is, ook in Engels en Xhosa sodat dit versprei/aangegee kan word na vriende, bure, werkers ens.

Vanjaar sal dit slegs in Afrikaans versprei word, maar die Engelse en Xhosa weergawes is beskikbaar by die kerkkantoor. Indien jy dit graag wil hê om vir iemand aan te stuur, gesels gerus met Mariana om ‘n reëling te tref.

Indien jy nie die Pastorale Brief per WhatsApp of harde kopie ontvang nie, kontak gerus jou blokleier of die kerkkantoor.

KERKKOOR

KUILSRIVIER KERKKOOR NOOI NUWE LEDE OM AAN TE SLUIT.

Kooroefeninge is Maandae aande om 18:00 om die beurt by De Eike gemeente en Kuilsrivier Moedergemeente.

Vir verdere inligting kontak die orrelis/musiek koördineerder, Ilse Myburgh (0823461482).

Die kooroefeninge begin Maandag 27 Januarie 2025 by De Eike.

SEMINAAR

La Rochelle Gemeente bied die **“Loss of Spouse”** eendag seminaar aan.

Hartseer herstel is 'n diep pynlike proses, en ons verstaan die unieke uitdagings wat gepaard gaan met die verlies van 'n huweliksmaat.

Ons nooi jou graag uit na 'n spesiale 2-uur seminaar wat ontwerp is om praktiese ondersteuning, gerusstelling en hoop te bied.

Datum: 4 Februarie 2025

Plek: Lokaal A, La Rochelle Gemeente, Bellville

Tyd: 18:30 – 20:00

Koste: R100 (Ingesluit ‘n handleiding)

Registrasie skakel: https://www.griefshare.org/events/252671

Vir meer inligting kontak: Martin 0823208250 / Trudie 0716852971

KUILSRIVIER MOEDERGEMEENTE

PREEKSKETS

TEMA – DIE HEMELE VERKLAAR

Prediker: Ds Janine Williams

Skriflesing: Psalm 19 en Lukas 4:14-21

"Soos die hemele die heerlikheid van God verkondig, word ons elkeen geroep om dieselfde te doen. Ons word deur God geroep om elke jaar die hoop, heling en herstel wat Sy genade moontlik maak, aan die wêreld te verkondig."